# Die Ligdraer

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**3 Maart 2024**

# Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as 'n biddende gemeente wat

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS



**Stilte**
**Toetredelied:** Lied 151:1,2
**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 48-1:1,4,5 en Lied 191:1,2,3
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE**
**Sing:** Psalm 19-1:4
**Gebed**
**Skriflesing:** Handelinge 9:1-25
**Preek:**





**Tema:**
*'n Groot sondaar kom tot bekering.*

**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Lied 510:1,2,3,4
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3

**Afkondigings**



**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: GKSA Sustentasiefonds.

**DIENSBEURT:**
Vandag: Wyk 7
10 Maart: Wyk 8
17 Maart: Wyk 9



**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**
Daar is tee, koffie en koeldrank voor en na die erediens in die groot saal beskikbaar. Alles word daar reggesit en dan kan lidmate hulleself help.



**KATKISASIE:**
Tydens die erediens (net na die Skriflesing en voor die preek) is daar katkisasie vir die voorskoolse kinders. Graad 1-11 se katkisasie is na die erediens.

**BYBELSTUDIE :**
Vanmiddag om 17:00 by die kerkgebou. Ons gaan voort vandag met die reeks oor die boek Handelinge. Almal is hartlik welkom om dit by te woon of elektronies deur middel van Google Meet in te skakel. Die skakel daarvoor is: https://meet.google.com/iak-duaf-fxr

**GKSA EN ONS TEOLOGIESE OPLEIDING (5)**
GTA EN DIE STAAT
Die oprigting van die GTA begin met die stig van ’n maatskappy sonder winsbejag. So ’n maatskappy (binne die Maatskappyewet 2008) moet aan sekere regulasies, soos in die wet voorgeskryf, voldoen.
Daarvoor moet die maatskappy se bestuur jaarliks ook verslag doen aan die betrokke owerhede. Net soos bv. die Admin. Buro jaarliks verslag moet doen oor die bestuur van die kerke se fondse aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) en aan die FSCA (Finansiële Sektor Gedragsowerheid). Waarvoor? Om seker te maak dat ons binne die bepalings van die wet optree. Dat gesonde bestuurbeginsels toegepas is (soos bv. in die KingIV verslag uiteengesit).
Om akademiese kwalifikasies aan studente te kan toeken (Hoër Sertifikaat, Nagraadse Diploma of ’n B-graad) moet die GTA by die Departement Hoër Onderwys geregistreer word as ’n Privaat Voorsiener van Hoër Onderwys (Privaat Hoër Onderwysinstelling – PHO). Daarvoor moet sy akademiese programme geakkrediteer en geregistreer word by die Raad op Hoër Onderwys (RHO) en die Nasionale Kwalifiseringsowerheid (SAQA). En dan moet die GTA daarna as maatskappy by SAID vir belastingvrystelling registreer.
In ’n sekere sin, gekwalifiseerd, is daar ’n vorm van staatstoesig oor die GTA as ’n PHO.
Met verslagdoening aan die Departement van Hoër Onderwys en institusionele oudits deur die RHO wil die staat weet: Bly julle by die reëls? Is julle opleiding op standaard? Die belangrike is dat die integriteit van akademiese programme beskerm word.

Maar die staat het, in terme van sy eie wetgewing, wat in sy regulasies omskryf word , geen sê oor wie as dosente aangestel word nie en ook geen inspraak by die inhoud wat aan studente geleer word nie. Hierdie inspraak kom uit die kerke, want die kuratore moet elke 3 jaar aan die kerke in Algemene Sinode verslag doen. Die kerke wat saamkom in Algemene Sinode beoordeel saam en, deur middel van opdragte aan die kuratore, skryf die inhoud voor.
Die staat het wel 'n inspraak by Openbare Universiteite oor aanstelling van personeel en kurrikulum. Die mees onlangse voorbeeld is dat die NWU sy LL.B (regte) program moes opskort, totdat aan sekere voorskrifte van die staat voldoen is.
Met die GTA is die teologiese opleiding (in ampsopleiding en akademiese vorming) volledig in die hande van die GKSA.

**VERLOF DS. JANNIE :**

Ds. Jannie sal met verlof wees vanaf Vrydag 8 Maart tot Maandag 11 Maart. Volgende Sondag (10 Maart) se erediens sal deur teologiese studente Pieter Deysel waargeneem word.



## Ek Verjaar!



Die volgende lidmate verjaar tot 9 Maart 2024

| | | |
|---|---|---|
| 4 Maart | Nico van der Merwe | 071 262 9681 |
| 4 Maart | Andre Louw | 078 186 1911 |
| 5 Maart | Rita Fourie | 071 456 9623 |
| 6 Maart | Ruan van Niekerk | 082 719 1031 |
| 9 Maart | Riël Schepers | 082 338 3493 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**LIEF EN LEED:**

- Ons vra voorbidding vir lidmate wat siek is of in die hospitaal is of ander beproewings beleef, waarvan ons nie weet nie.
- Br. Albert Burger (082 924 5994) is steeds in Welkom Medi-Clinic se intensiewe sorg eenheid. Ons vra voorbidding vir hom en sy gesin wat belangrike besluite moet neem oor sy voortgesette versorging.
- Ons beste wense vergesel br. Carel (079 872 0856) en sr. Wilma (076 269 5135) Scott wat die afgelope week na Nederland verhuis het. Hulle bly vir eers nog lidmate van ons gemeente totdat hulle bepaal het waar in Nederland hulle kerklik gaan inskakel. Gelukkig is dit deesdae moontlik om deur middel van elektroniese media nog deel van ons gemeente te wees.

# Net 'n Gedagte

***"Aan die einde, sal ons nie die woorde van ons vyande onthou nie, maar die stilte van ons vriende."***
*~ Martin Luther King Jr. 1929-1968 ~*

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**

**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**



**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**
Predikant: Ds JL van der Schyff (083 995 0380) dominee@gkwelkom.co.za
Skriba: Marthie van der Schyff (072 336 4266) skriba@gkwelkom.co.za
Attes Skriba: Frank Korb (076 312 7581) attesskriba@gkwelkom.co.za
Koster: Flip Kotze (083 388 0249) koster@gkwelkom.co.za
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251) kassier@gkwelkom.co.za
Orrelis:
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266) diakonie@gkwelkom.co.za
Kantoor: Vrydag 08:00 - 13:00 (060 366 0166) admin@gkwelkom.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/GKWelkom/
**Webbladsy:** www.gkwelkom.co.za



**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**

# Net 'n Gedagte

***3 En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my***
***liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie***
***die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie. 4 Die liefde***
***is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers***
***nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie,***
***5 handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang***
***nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe***
***nie, 6 is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly***
***saam met die waarheid. 7 Dit bedek alles, glo alles,***
***hoop alles, verdra alles.***

***~ 1 Korinthiërs 13:3-7 (33-53 vertaling) ~***